Hoërskool Carlton-Van Heerden

Skoolgeskiedenis

Die skool is die gevolg van vernuftige onderhandelinge deur 'n predikant van die Kongregasionalistiese Kerk. Saul Damon is op 15 Maart 1890 op Mount Frere gebore as 'n afstammeling van die Griekwas, wat hulle by Kokstad in Griekwaland-Oos gevestig het. Hy was 'n ywerige student en het aan die Scottish Mission Seminary op Blythswood, St John's Anglican College in Umtata en Adams College op Amanzimtoti, suid van Durban, gestudeer. Hy is in Durban as predikant van die Kongregasionalistiese Kerk gewy. Samon het op Kimberley en Worcester gewerk, voordat hy noordwaarts na Kenhardt en Upington verhuis het. Hy was getref deur die gebrek aan onderwys, maar geld was skaars gedurende die Depressie. Toe die Verenigde Party van genl Smuts en genl Hertzog egter begin om Kleurling-stemme te werf om die aanslag van die Nasionale Party af te weer, het Damon 'n gaping gesien. 'Julle gee ons 'n skool, en ons sal vir julle stem," was sy antwoord.

Damon wou nie toelaat dat die skool na hom heet nie, en toe word dit die Sekondêre Skool Gordonia genoem. Die eerste hoof was AJ Ferreira. Hy het 'n personeel van vier gehad. AJ Ferreira, die skool teen wie Carlton-Van Heerden in die FNB Classic Clash speel, heet inderdaad na Carlton-Van Heerden se eerste hoof! Carlton van Heerden? Daar is niemand met so 'n naam nie. Dit was twee mense – Jim Carlton, 'n prokureur op Upington, en Callie van Heerden, 'n boukontrakteur. Hulle was albei weldoeners van die skool. In 1945 het die Sekondêre Skool Gordonia hoërskoolstatus gekry, en dit is herdoop tot Hoërskool Carlton-Van Heerden. Dit is in die buurt Rainbow geleë.

FOUNDED: 1943
MOTTO: LABOR OMNIA VINCIT
(WORK OVERCOMES ALL DIFFICULTIES)
ADDRESS: VOORUITSIG
STREET, UPINGTON

FNB

Rugby by Carlton

Die skool speel teen baie plaaslike skole, onder meer AJ Ferreira, Saul Damon, SC Kearns, Duineveld en Upington. Hy het in 2000 teen AJ Ferreira verloor. Joey Loubser is die breier.